

Twoe omstrede boeke nou in Engels

Twoe omstrede Afrikaanse romans het pas in Engels verskyn. Na die uitgewers meedeel, is dit die eerste van 'n reeks vertalings wat onder die naam Centaur Books gedruk gaan word.

Die een is die Hertzogprys-roman, *Sewe Dae*, By Die Silbersteins deur Etienne Leroux, wat deur die digter-kritikus Charles Eglington vertaal is.

S.A. AMBASSADE

Van Die Ambassadeur, die roman wat die skrywer André P. Brink self in Engels oorgesit het, word gesê dat daar noodwendig na sekere poste in die Suid-Afrikaanse ambassade in Parys verwys moes word, maar die karakters is denkbeeldig en bestaan nie werklik in die Suid-Afrikaanse of enige ander diplomatieke diens nie. In die ontwerp van die boek se stofomslag kom die Suid-Afrikaanse landswaapen voor.

Albei die skrywers, Leroux en Brink, het vir die verskyning van die boeke na Transvaal gekom. Gister het hulle saam met ander skrywers wat aan die groep behoort en hulself „die sestigers” gedoop het, in Pretoria vergader.

Etienne Leroux het gesê dat die meeste skrywers wat aan die groep behoort, nog nie tevore vergader het nie. Meestal het hulle maar per brief met mekaar in verbinding gebly.